

Die
KONINKRYK
van die hemele

**NEGE BYBELSTUDIES OOR DIE KOMS VAN DIE KONINKRYK VAN DIE HEMELE
SOOS WAT DIT IN DIE EVANGELIE VOLGENS MATTEUS GESKRYF IS.**

Inhoudsopgawe


1. JESUS IS DIE KONING (DEEL 1)
2. JESUS IS DIE KONING (DEEL 2)
3. JESUS VERKONDIG 'N NUWE LEWE VIR ONS – BEKERING
4. JESUS VERKONDIG 'N NUWE LEWE VIR ONS – GENESING
5. JESUS SÊ ONS MOET VOLMAAK WEES SOOS ONS HEMELSE VADER
6. JOHANNES DIE DOPER EN JESUS DIE CHRISTUS
7. DIE GETUIENIS VAN JESUS AS DIE CHRISTUS
8. ONS IS DEEL VAN DIE HUISGESIN VAN GOD
9. JOU GELOOF IN JESUS MOET VRUGTE DRA

**OPGESTEL DEUR DS. HENDRIK VERRYN
GEREFORMEERDE KERK POTCHEFSTROOM-SUID**

**UITGEGEE DEUR DIE DEPUTATE JEUGSORG
WWW.GKJEUG.CO.ZA**

Jesus is die Koning (deel I)

Matteus skryf baie oor die koninkryk van die hemele en dit is waaroor hierdie Bybelstudies gaan. Voordat daar 'n koninkryk kan wees moet daar egter eers 'n Koning wees. Kom ons kyk eers Wie hierdie Koning is, voordat ons na die koninkryk van die hemele kyk.



LEES MATTEUS 1:1

- ➔ Wie is Dawid? (Lees 1 Samuel 16:12-13 en 2 Samuel 7:16)

- ➔ Wie is Abraham? (Lees Genesis 12:1-3)

- ➔ Wie is Jesus Christus?

LEES MATTEUS 3:2

- ➔ Wat is die koninkryk van die hemele? (Lees 2 Kronieke 20:6)

- ➔ Hoe het dit naby gekom? (Efesiërs 2:12)

Jesus is die Koning (deel 2)

Christus beteken gesalfde en dit was een van die titels van die konings van die Ou Testament. As ons dus Jesus Christus sê, dan sê ons eintlik Jesus is die Koning! Hy is baie meer as die ander konings wat uit Dawid se familie gekom het, want Hy is die ewige Koning wat uit Abraham se nageslag gekom het wat 'n seën vir al die geslagte van die aarde is. Ons gaan nou kyk hoekom ons sê dat Jesus baie meer as die konings voor Hom is. Ons doen dit deur na verskeie verse in Matteus te kyk wat wys hoe Jesus die beloftes van die profete van die Ou Testament vervul het.

LEES MATTEUS 1:22-23

- ➔ Hoe is Jesus Christus gebore?
- ➔ Wat beteken Emmanuel?

LEES MATTEUS 2:5-6

- ➔ Waarom word Jesus God se Seun genoem? (Lees 2 Samuel 7:14a)
- ➔ Lees Hebreërs 1:1-4 en vra dan weer: Waarom Word Jesus God se Seun genoem?

LEES MATTEUS 2:15

- ➔ Waarom word Jesus 'n herder genoem?
- ➔ Watter soort herder is Jesus? (Lees Johannes 10:11-15)

Jesus verkondig 'n nuwe lewe vir ons - bekering

Jesus Christus was anders as die aardse konings waaraan ons dink. Hy het nie in 'n paleis gesit en 'n klomp slawe en onderdane gehad wat al sy werk gedoen het nie. Hy het self uitgegaan na mense om die burgers van sy koninkryk te dien. Hy het hulle op twee maniere gedien: deur bekering en genesing te verkondig. Bekering en genesing is die geestelike en die fisiese nuwe lewe wat ons in Jesus Christus het. Ons ontvang beide as ons in Hom glo. Hierdie les gaan oor die bekering.

LEES MATTEUS 4:12-25

- ➔ Wat beteken dit om te bekeer? (Matteus 4:17)
- ➔ Hoe weet ons waarvan ons, ons moet bekeer? (Lees Romeine 3:20)
- ➔ Moet elkeen van ons bekeer of is sommige van ons sulke goeie mense dat dit nie nodig is nie? (Lees 1 Johannes 1:8-10)
- ➔ Hoe lyk ware bekering? (Lees Matteus 3:8)

Jesus verkondig 'n nuwe lewe vir ons - genesing

Die vorige keer het ons begin kyk na die nuwe lewe wat Jesus vir ons gee. Ons het geleer wat bekering is en hoe dit lyk. Hierdie keer kyk ons na die genesing wat Jesus ook vir ons bring as deel van die nuwe lewe.

LEES MATTEUS 4:12-25

- ➔ Watter siektes en liggaamlike gebreke kan Jesus genees? (Matteus 4:23)
- ➔ Gaan Jesus al ons siektes en liggaamlike gebreke nou al genees? (Lees 2 Korintiërs 12:7-9)
- ➔ Wanneer gaan Hy ons liggeme dan genees? (Lees 1 Tessalonisense 4:16)
- ➔ Kan ons net die genesing soek sonder om te wil bekeer? (Lees Matteus 5:8)

Jesus sê ons moet volmaak wees soos ons hemelse Vader

Ons het nou al gehoor waarom dit wonderlik is dat Jesus ons Koning is. Dit is omdat Hy vir ons 'n nuwe lewe gee waar ons sonder sonde en sonder siekte ewig sal leef voor God. Ware bekering beteken dat ons volmaak moet wees soos ons hemelse Vader. Nou gaan ons bietjie meer kyk na wat dit beteken om volmaak te wees soos Hy.

LEES MATTEUS 5:43-48

- ➔ Hoe lyk liefde? (Lees Matteus 22:35-40)

- ➔ Hoe lyk God se liefde? (Lees Johannes 3:16)

- ➔ Wat is die gevolg van God se liefde? (Kyk weer na Johannes 3:16)

- ➔ Wie is jou vyande vandag?

- ➔ Waarom sal ek die mense seën wat my vloek, goed doen aan hulle wat my haat, en bid vir mense wat my beledig en vervolg?

Johannes die Doper en Jesus die Christus


Baie min mense besef dat Christus nie Jesus se van is nie, maar sy titel! Dit is soos wat Johannes die Doper genoem word, dit beskryf wie Hy is en wat Hy doen.

LEES MATTEUS 3:1-17

- ➔ Wie is Johannes die Doper en wat het hy gedoen? (Lees Matteus 3:3 en 6)
- ➔ Wat beteken Christus? (Lees Samuel 16:13 en kyk weer na die eerste Bybelstudie)
- ➔ Het Johannes vir Jesus gesalf of gedoop? (Lees Matteus 3:6 en Matteus 3:14-15)
- ➔ Wie is belangriker: Johannes die Doper of Jesus die Christus? (Lees Matteus 3:11-12 Matteus 11:11)

Die getuienis van Jesus as Christus

Elkeen van ons soek om een of ander rede 'n held om ons te red uit iets uit. Ons skep in ons gedagtes 'n beeld van hoe hierdie held moet optree en hoe hy moet wees. Jesus is soos 'n held deurdat Hy ons red van die ewige dood en die sonde wat daartoe lei. Ons mag egter nie ons eie idee vorm van hoe ons wil hê Jesus moet wees nie, maar moet Hom leer ken vir Wie Hy is en net dit wat die Bybel sê glo.



LEES MATTEUS 11:2-6

- ➔ Wat is die werke van Jesus waarvan Johannes gehoor het? (Lees Matteus 4:23)
- ➔ Wat het Johannes verwag gaan Jesus doen as die Christus? (Lees Matteus 3:10 en 12)
- ➔ Wat is die getuienis wat Jesus gee dat Hy waarlik die Christus is al dink Johannes nie so nie? (Lees Jesaja 29:18)
- ➔ Hoe kan ons reageer teenoor die getuienis dat Jesus die Christus is? (Matteus 11:6)

Ons is deel van die huisgesin van God

Wanneer jy reg reageer op die getuienis van Jesus as die Christus (om reg te reageer moet jy in Hom glo!) dan word jy deel van sy huisgesin. Om 'n onderdaan van jou Koning Jesus te wees beteken baie meer – jy word God se kind!

LEES MATTEUS 12:46-50

- ➔ Is 'n familie belangrik?
- ➔ Waarom noem Jesus ons sy broers, susters en moeder? (Lees Matteus 12:50 en Romeine 8:14-16)
- ➔ Wat beteken dit dat God ons Vader is? (Lees Matteus 7:7-11)
- ➔ Watter familie is belangriker: jou aardse familie of jou nuwe geestelike familie? (Lees Matteus 19:29)

Jou geloof in Jesus moet vrugte dra

Jesus Christus het met verskillende gelykenisse mense geleer wat die koninkryk van die hemele is. Hy het dit om twee redes gedoen. Die eerste is omdat 'n gelykenis baie kort en kragtig iets kan verduidelik vir elkeen wat deur God gekies is om te glo. Die tweede rede is omdat die mense wat vir God haat nie die gelykenis reg kan verstaan nie en daarom deur die gelykenis weggestoot word van God. Maar gelukkig sal een van God se kinders nooit deur 'n gelykenis weggestoot word nie, want deur sy Gees leer God ons wat die gelykenis beteken.

LEES MATTEUS 13:3-9

LEES MATTEUS 18:23

- ➔ Wat is verdrukking en vervolging? (Lees Handeling 5:40 en Handeling 7:57-58a)

- ➔ Wat moet vir ons belangriker wees: my diens aan God of my bekommernis van hoe ons van dag tot dag gaan lewe? (Lees Matteus 6:31-33)

- ➔ Wat beteken dit om vrug te dra? (Lees Matteus 7:17-18)

- ➔ Behoort my lewe te bewys dat ek 'n kind van God is as ek myself so wil noem?

Wat het jy geleer?

In hierdie nege Bybelstudies het ons gekyk wat Matteus ons oor die koninkryk van die hemele lees. Skryf vir jouself op hierdie bladsy neer wat jy uit hierdie Bybelstudies geleer het.

